**Dinsdag 11 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20**
**Fokusgedeelte: Matteus 16:15-18**

**Fondament van die kerk – Kerk gebou op die rotsbelydenis**

Die seël van die Gereformeerde Kerke is ’n kerkie op ’n rots met die woorde: *Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie*. Daarmee verklaar ons dat Christus Self sy kerk gegrond het op en verbind aan die Woord van God (Joh. 17:8, 17) en op die belydenis dat Hy die Seun van die lewende God is.

Dit is duidelik uit kommentare dat daar wyd uiteenlopende verklarings van dié gedeelte is. Een van die verklarings is dié van die Rooms-Katolieke Kerk wat as legende aanvaar dat die apostel Petrus die eerste biskop van Rome was. Uit hierdie standpunt word afgelei dat die Roomse Kerk die enigste ware kerk is, dus die wêreldkerk. Dit word gegrond op hulle verklaring van Matteus 16:19 dat die apostel Petrus deur ons Here Jesus benoem was tot sy plaasvervanger op aarde, en elke pous as opvolger van Petrus die verteenwoordiger van Christus op aarde is, en as sodanig die draer van die kerklike gesag is. Hierteenoor leer die Skrif ons dat Christus die enigste Hoof van sy kerk op aarde en in die hemel is.

Wanneer Christus verklaar dat Hy op die rots (*petra*) sy kerk sal bou, bevestig dit dat Hy die bouheer is en bly van sy kerk. Verder dat die getuienis dat Christus die Seun van die lewende God is, die basis (hoekklip) sal vorm vir die totale opbou van die kerk. En elke gelowige het die troos dat hy/sy ’n lewende lid is van hierdie heilige, algemene Christelike kerk en ewig sal bly (HK Sondag 21), omdat die poorte van die hel (Hades) dit nie sal oorweldig nie.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*
*Ds. PA Coetzee (Peet) (emeritus)*